


Naamloos



Youth mag

Maart tot April 2015

Uitgawe 7

NG Gemeente Rietfontein-Suid

In aanbidding voor God 

MAX LUCADO

voor **amen**



Die krag van 'n eenvoudige
GEBED



Beste vriend en vriendin in geloof.

Die jaar het reeds met 'n groot "bang" afgeskop en is dankbaar hoe die Here ons die afgelope twee maande geseën het met wonderlike dinge wat gebeur het. Ons het 'n wonderlike program wat voorlê vir julle in die maand van Maart. Ons gaan met 'n reeks oor gebed begin en dink regtig dit is 'n reeks wat jy nie wil misloop nie. Die rede hoekom ek so sê is omdat gebed so belangrik vir ons as Christene is, omdat dit 'n wyse is waarmee ons met God kominkeer en ook diep sake van die hart deel. Die hartseer is dat daar so baie mense vandag is wat sukkel met gebed of daar is dinge wat ons eenvoudig net weerhou van gebed af. Jy sukkel dalk want jy weet nie altyd waarom jy moet bid nie en wonder soms of daar 'n regte en verkeerde manier van bid is. Jy voel dalk maar ek kan nie in sulke mooi woorde bid nie. Iets soos 'n besige leefstyl, ongemak, twyfel in die krag van gebed, beperkte begrip van gebed, al hierdie dinge kan ons weerhou van gebed. Daarom gaan ons in die 4 weke wat volg kyk na die krag van 'n eenvoudige gebed en hoe dit jou lewe en verhouding met die Here kan verander. Groete Stanwin Street



Gemeente Visie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!

Maart 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1 Jeuggroepe Skop af! (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	2	3 18:30 Netwekkursus (Deel 3)	4 Solum & J- Café 18:30.	5	6	7
8 Jeuggroepe Skop af! (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	9	10	11 Solum & J- Café 18:30	12	13	14
15 Jeuggroepe Skop af! (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	16	17	18 Solum & J- Café 18:30	19	20	21
22 Jeugkuier 17:15 🎵Youthbash🎵 18:00-19:30	23	24	25 Skole sluit	26	27	28
29 Aanddiens 📖18:00	30	31				

“Mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moontlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie” **Moltmann**

April 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1	2	3	4
5 Aanddiens 📖 18:00	6	7	8	9	10	11
12 Aanddiens 📖 18:00 Ekumeniese - diens Nagmaal	13 Skole open	14	15 Solum & J- Café 18:30	16	17	18
19 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	20	21	22 Solum & J- Café 18:30	23	24	25
26 Jeugkuier 17:15 🎵 Youthbash 🎵 18:00-19:30	27	28	29 Solum & J- Café 18:30	30		


"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe



Graad 8 -seuns & dogters


Donovan 082 564 7907



Graad 9 - seuns & dogters

Andrea 079 778 6125

Hein 084 588 1568



Graad 10 - seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 11 - seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695

“Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak,
maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien”

Week Selgroepe



Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnoui om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Petro 072 048 9856



Ons almal het 'n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom wil ons jou uitnoui na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040



 **Spreekure**

Woensdae 17:15 – 18:30 in die Katakombe.

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)

Email: StanwinS@gmail.com



Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!



Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand 'n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as 'n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.



JESUS

answered, "I AM THE WAY and the truth and the life. No one comes to the Father except through me.



John 14:6

Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Duda mobile

- Saampraat papiere.
- Cool links.
- Twitter.
- Stuur 'n email vir die leiers.
- Gee ook vir ons wenke oor hoe ons die Jeug kan verbeter.



Share ook met jou vriende!



Gaan  Like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Jeug**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

Socials!



@R120



Info

Tyd – 11:15 tot 14:15
Datum – 14 Maart 2015
Koste – R120 per
persoon
Plek – Gotcha Paintball

Paintball

14 maart



8 Mei



Info

Tyd - 18:00 tot 20:00
Datum – 9 Mei 2015
Koste – R45 per persoon
Plek - Kolonade





5 Junie

Speletjiesaand & Braai



@R20



Uitreik

Ons het jou hulp nodig!

Vanaf 18 Januarie 2015 tot 24 Mei 2015 wil ons 'n "Winter warmer" projek loots om 100 komberse in te samel vir minderbevoorregte mense wat op straat woon. So ons het almal se hulp nodig om ons mylpaal van 100 komberse te bereik. Jy kan jou kombers/s na die aanddienste bring of jy kan enige een van die Jeugleiers kontak en ons sal dit by jou kom haal. As jy 'n verskil wil maak, maar jy het nie 'n kombers nie is jy ook welkom om 'n bydra van R50 te maak vir die aankoop van komberse. Die geld kan julle ook vir enige van die Jeugleiers gee.



Skinder hoekie...

— Leer ken die leiers.



1. Wie is jy en wat doen jy vir 'n lewe?

Ek is Andrea Binninghoff en ek is 'n eerste jaar Teologiese student by Tuks

2. Hoeveel jaar is jy al in die gemeente? Wat is jou betrokkenheid by die gemeente?

Ek het in 2014 vir die eerste keer die gemeente besoek. Ek is betrokke by die Gr 9 groep.

3. Wat doen jy vir fun? (Stokperdjies)

Ek is baie lief vir lees en oefen

4. Gunsteling movies?

My gunsteling movies is definitief: The Note Book en Pearl Harbour

5. Gunsteling Band?

Ek het eintlik nie 'n gunsteling band nie, maar hou van Taylor Swift se musiek.

6. Wat is jou gunsteling kleur/e?

Swart, pienk en blou

7. Van watse dier hou jy?

Is mal oor Jack Russels, want hulle gaan altyd volheid met alles en gee nooit op nie.

8. As jy enige plek in die wêreld kon besoek, waar sou dit wees?

Definitief Duitsland

9. As jy 'n miljoen rand kry of wen, wat sal jy daarmee doen?

Sal heel eerste my ouers se skulp afbetaal en my studie geld, met die res van die geld sal ek soveel as moontlik liefdadigheids projekte help.

10. Is jy 'n oggend of 'n aand mens?

Definitief 'n oggend mens

11. Wat sal jou droomwerk wees?

As ek direk met tieners kan werk as 'n berader en 'n verskil in hulle lewens te maak en hulle ook te lei om die regte keuses in die lewe te maak en so hulle volle potensiaal bereik.

12. Wat verkies jy, die platteland of die stad?



Ek is baie lief vir die stad, alhoewel ek enige tyd na 'n plattelandse dorpie sal trek as ek die kans kry.

13. Gunsteling kos?


Pasta of four seasons pizza

14. Gunsteling quote?

"Life is like a coin, you can spend it anyway you want BUT you can only spend it once, so always think twice"



Social 7 Feb. - Swim





Christelike aanhalings.....

"Ander verwag 'n hopelose einde, maar hulle wat in God glo, het 'n eindelose hoop."

"Ons besit nooit hoop nie. Dis iets wat ons elke dag nuut en vars moet leer. Ons bly beginners vir wie God elke oggend uit genade ons 'n nuwe kwota hoop moet gee"

"Niemand kan sonder hoop lewe nie. Om op te hou hoop is om op te hou lewe." Dostojefski

"Hoop is nie om te sê alles is goed en reg nie. Dat ons tevrede moet wees met dinge wat verkeerd is nie, maar hoop is om te glo dat God iets beters vir ons bedoel en ons daaraan moet meewerk."

"Christelike hoop is nie die hoop vir die beste nie. dit is die verwagting dat wat reeds waar is, in besit geneem kan word" Johan Smit

"Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak, maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien"



HOPE BOKS PROJEK

R 25 per Boks

Kontak: Petro Jonker

072 048 9856



Save the Date

#imagine
experience

10-12 April 2015

DON'T MISS IT

info@imaginemovement.co.za

www.imaginemovement.co.za

www.facebook.com/imaginemove

[@2014imagine](https://twitter.com/2014imagine)

WESTERN CAPE | GAUTENG | FREE STATE | NORTHERN CAPE | EASTERN CAPE

2015



PINKSTERSPEL

24 Mei 2015

18:00 – 19:00




Happiness

isn't about getting what
you want all the time.

It's about loving
what you have
and
being grateful for it.



Humor...



Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

Wêreldwaarnemingslys 2015:

- 
- | | |
|-----------------------------------|--------------------------------|
| 1. Noord Korea | 26. Palestynse Gebiede |
| 2. Somalië | 27. Broenei |
| 3. Irak | 28. Laos |
| 4. Sirië | 29. China |
| 5. Afganistan | 30. Jordanië |
| 6. Soedan | 31. Bhoetan |
| 7. Iran | 32. Comore |
| 8. Pakistan | 33. Tanzanië |
| 9. Eritrea | 34. Algerië |
| 10. Nigerië | 35. Colombië |
| 11. Maledives | 36. Tunisië |
| 12. Saoedi-Arabië | 37. Maleisië |
| 13. Libië | 38. Mexiko |
| 14. Jemen | 39. Oman |
| 15. Oesbekistan | 40. Mali |
| 16. Viëtnam | 41. Turkye |
| 17. Sentraal-Afrikaanse Republiek | 42. Kazakstan |
| 18. Katar | 43. Bangladesj |
| 19. Kenia | 44. Sri Lanka |
| 20. Turkmenistan | 45. Tadjikistan |
| 21. Indië | 46. Azerbaidjan |
| 22. Ethiopië | 47. Indonesië |
| 23. Egipte | 48. Mauritanië |
| 24. Djiboeti | 49. Verenigde Arabiese Emirate |
| 25. Mianmar | 50. Koeweit |

Inligting oor van die lande

Noord-Korea



“Noord-Korea - Vir die dertiende agtereenvolgende jaar, is hierdie die land waar Christene die ergste vervolging ervaar. Die leier Kim Jong-Un, sowel as sy voorgangers, word soos gode aanbid en laat geen ruimte vir enige ander geloof nie en Christene staar ondenkbare druk op elke terrein van die samelewing in die gesig. Christene is daarom verplig om slegs in die geheim byeen te kom en uit vrees vir gevangeneskap in arbeidskampe, durf hul nie om hul geloof met hul families te deel nie. Christenouers versteek hul geloof selfs van hul kinders. Enigeen wat gevang word terwyl hul in die geheim betrokke is by godsdienstige aktiwiteite, mag onderhewig wees aan inhegtenisname, arbitrêre aanhouding, verdwyning, marteling, en selfs openbare teregstelling. Sou individue se geloof ontdek word, word nie net hulle nie, maar ook hul families daardeur geraak”. Vir meer inligting besoek (www.opendoors.org.za)

Statistiek

- Streek: Suid-Oos-Asië
- Leier: Kim Jong-UN
- Bevolking: 25 155 000
- Christene: 1.2%
- Geloof: Ateïsme/Tradisionele Oortuigings
- Regering: Kommunistiese Diktatorskap

Preekreekse



MAX LUCADO

VOOR
amen



Die krag van 'n eenvoudige
GEBED



*Voor Amen

Die krag van 'n eenvoudige Gebed...

1 MAART TOT 22 MAART 2015

Week 1 – Heer leer ons bid

Week 2 – Ons Vader

Week 3 – Vertroue

Week 4 – Deernis



Christ

CHRISTEN ATEÏS

Om in God te glo, maar te leef asof Hy nie bestaan nie...

Sondag 19 April tot 10 Mei 2015

Week 1 – Ek glo in God, **maar** ek ken Hom nie regtig nie.

Week 2 – Ek glo in God, **maar** wil nie vergewe nie.

Week 3 – Ek glo in God, **maar** dink nie Hy is regverdig nie.

Week 4 – Ek glo in God, **maar** is nie seker of Hy jou lief het nie.



Pinkster
17 -22 Mei

Vergifnis....

Die Bybel waarsku
Moenie slawe van mense word nie,
want ons is duurgekoop

Onvergifnis maak van jou n slaaf
Bind jou met n onsigbare tou,
vas aan die oortreder

Nou moet jy vergewe
Maar hoe?
Hoe maak mens jou los?

Slagoffers bly lê
Oorwinnaars staan weer op
Skoongewas deur Sy bloed

Jou gedagtes bind die kettings al hoe stywer
Sodat daardie seer jou later wurg
Twee groot hande om jou keel gevou

Gee jou seer vir Jesus
Hy het die beker gedrink
Vir ons sonde geword

Ons is lankal vrygekoop
Die hekke staan oop
Jy moet net daardeur loop

Vergewe en kyk vorentoe
Sny jou toue los
Spreek jou oortreder vry

Amen



4			3	2	7			5
	1	5				3	2	
2	3		1		8		9	6
			8		6			
	4	3		1		6	8	
			2		4			
1	7		6		2		4	3
	8	4				2	6	
5			9	4	3			8

	8		2		7		3	
2		7		3		4		6
	3		6	4	9		8	
7		5		8		1		4
	4	6	9		1	8	5	
8		9		5		7		3
	5		7	9	3		4	
4		3		6		9		5
	6		5		4		7	



‘Bible Trivia’



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Hoeveel dae was Lasarus dood gewees voordat Jesus hom uit die dood uit opgewek het?

- a. 3
- b. 4
- c. 6

2. Watter twee mense is nie dood nie maar direk hemel toe?

- a. Moses en Elisa
- b. Henog en Elisa
- c. Henog en Elia

3. Volgens Lukas se evangelie, wat was dit wat Jesus by die sinagoge gedoen het.

- a. Lees
- b. Mense genees
- c. Duiwels uit gedruif

4. Wie het gesê; “die Gees is gewillig, maar die vlees is swak”?

- a. Jesus
- b. Moses
- c. Adam

5. Wie van die apostels het sowat 'n $\frac{1}{3}$ van die Nuwe Testament geskryf?

- a. Lukas
- b. Johannes
- c. Paulus

6. Watter boeke vorm die eerste 5 boeke van die Ou Testament?

- a. Genesis, Eksodus, Deutronomium, Livitikus, Numeri
- b. Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deutronomium
- c. Genesis, Eksodus, Livitikus, Rigters, Numeri

7. Wat was Sammuël se ma se naam?

- a. Hanna
- b. Hagar
- c. Rut

8. Hoeveel Psalms is daar in die Bybel?

- a. 140
- b. 149
- c. 150

9. Watter een van die volgende boeke kom nie in die Bybel voor nie?

- a. Moses
- b. Sefanje
- c. Hooglied

10 Redes waarom ons moet bid

- Paul Cedar (A life of prayer)

1. Ons moet bid omdat die Here ons beveel het om te bid – sonder ophou.
2. Ons moet bid omdat die Here ons uitnoui om met Hom gemeenskap te beoefen.
3. Ons moet bid omdat gebed ons fokus verskuif van ons eie agenda na God se agenda, van ons eie wil na God se wil.
4. Ons moet bid omdat dit vir ons help om te groei in ons verhouding met God.
5. Ons moet bid omdat dit ons help om onself beskikbaar te stel vir diens aan God.
6. Ons moet bid omdat dit God vreugde gee om ons gebede te verhoor.
7. Ons moet bid omdat ons daardeur van die geestelike krag voorsien word wat net van God kan kom.
8. Ons moet bid omdat gebed en die Woord van God die middele is waarmee ons die Satan kan oorwin en oorwinnend lewe.
9. Ons moet bid omdat daar geen groter voorreg in die lewe is as om met die lewende God, Skepper en Onderhouer van alle dinge, te kommunikeer nie.
10. Ons moet bid omdat gebed ons laat toetree tot die teenwoordigheid van God.



Lydenstyd



“Lydenstyd begin met Aswoensdag (die sewende Woensdag voor Paasfees) en eindig na die Groot Lydensweek op Stil Saterdag (die dag voor Paasfees). Aanvanklik is die tekste wat oor die tydperk vanaf Jesus se intog in Jerusalem tot met die neerlê van sy liggaam in die graf gaan in dié tyd gelees. Lydenstyd het hierna ontstaan vanuit die gebruik om op die Sabbat voor Paassondag te vas en dan 'n nagwaak te hou wat tot in die vroeë oggendure van die Sondag geduur het. Die vastyd is mettertyd uitgebrei tot veertig weeksdae plus die ses Sondae voor Pase. Op Sondae is daar nie gevas nie omdat dit in die teken van die vreugde van Paasfees gevier is. Voornemende dopelinge is gedurende hierdie tydperk voorberei sodat hulle op die paasfees gedoop kon word. Namate die dopelinge minder geword het, het die persone wat by hulle voorbereiding betrokke was en later die hele kerk, ook aan die boetedoende praktyke deelgeneem. Die viering van Aswoensdag is sedert die begin van die elfde eeu 'n algemene gebruik.

Tot met die kerkhervorming het dié tyd in die teken van droefheid en rou gestaan. Die vas, boetedoende gebede en nog asketiese praktyke het al hoe meer toegeneem totdat onder andere Martin Luther daarteen in opstand gekom het. Omdat ons opnuut bewus gemaak is van God se genade en dááruit leef, kan Lydenstyd ons vandag help om bevry te raak van 'n godsdiens met onsekerhede, voorwaardelikhede en vrese. Aangesien Lydenstyd in die suidelike halfgrond gewoonlik gedurende die herfs gevier word, kan die verandering in die natuur simbolies verbind word met die stroping van ons eie natuur.

Ons hoef nie te vas en boete te doen nie. Óns antwoord op God se vrye guns, is om dankbaar te lewe. Ons pleit nie om genade nie, maar sê dankie daarvoor. Deur Jesus se lydenstyd en -weg in herinnering te bring, fokus ons op God se medelye met ons en die mense rondom ons, asook ons eie broosheid, sterflikheid en toewyding. In sy lyding sien ons dat God by hom bly en hom voortdurend versterk. In en deur sy optrede en woorde sien ons dat God by ons betrokke is en bly. Hy was van God verlate, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie, aldus die vroeëre nagmaal-formulier van die NG Kerk.

God is by mense, nie net wanneer dit voorspoedig gaan nie, maar veral waar mense sukkel, swaarkry en ly. God hou sy verhouding met ons in stand en blý aan ons verbonde, al lyk en voel dit soms nie vir ons so nie. Selfs al hou ons nie die verbond nie, bly God daaraan getrou. Wanneer mense ly, swaarkry of sukkel is dit belangrik dat hulle weet dis nié God se straf nie. In lyding beleef ons die eenheid met Christus en ander lydendes (Fil 3:10-11). Soos Jesus, moet ons bereid word om "ons hande vuil te maak" en nie net praat oor lyding en dit wat nodig is om van die wêreld 'n beter plek te maak nie. Ons moet leer om nie weg te skram van die seer rondom ons nie, maar om die lyding ín ons tyd te help verlig. Ons is tog hier om hoop te bring en seer te genees.

Dissipelskap en geestelike verdieping is ook in hierdie tyd belangrike aksente en dissiplines soos stilte, gebed, bekering, volharding en gemeenskap met medegelowiges help ons hiermee. Lydenstyd is 'n baie goeie tyd vir meditasie, kontemplasie en musiekbeluistering. Van die heel mooiste musiek wat al gekomponeer is, is Lydenstydmusiek.

God se lig skyn helder waar ons na ander se stories en harte lúister, waar balsem en sagte salf vir wonde en seer herstel bring. Waar ons onvoorwaardelik betrokke is by ander, wen ons vertrou en verwerf ons die voorreg om gehoor te word. Waar ons ons eie seer, nood en vrese met mekaar deel, leer ons ook om mekaar te vertrou en werklik lief te hê: om in woord en daad paradys te bou“ (www.noordsingeloof.co.za).



Jakob se Put was karre!

Vir **3 Saterdag** in die maand kan u nou u kar laat was by verskillende gemeentes!

Saterdag
9:00 tot 12:00



Eerste Saterdag van die maand: NG kerk Rietfontein-Suid
16de Laan/Ben Swartstraat, Rietfontein

Tweede Saterdag van die maand: NG kerk Condordia
5de Laan/Flowerstraat, Capital Park

Derde Saterdag van die maand: NG kerk Rietfontein-Noord
24ste Laan/Louis Trichardtstraat, Rietfontein

En een van die dae kan ons dalk 'n vierde Saterdag byvoeg!!!

Ondersteun ons asb.

Hierdie mense is bereid om te werk vir 'n geldjie terwyl hulle tussen werke is. Alle gelde (fooi vir karwas en moontlike donasies) gaan alles na die motorwassers.

KOSTE: WAS EN RY R20

WAS EN SUIG R35

Dankie vir u ondersteuning!
Sien jou Saterdag daar!

The empty chair...



A man's daughter had asked the local pastor to come and pray with her father. When the pastor arrived, he found the man lying in bed with his head propped up on two pillows and an empty chair beside his bed. The priest assumed that the old fellow had been informed of his visit.

"I guess you were expecting me," he said.

"No, who are you?"

"I'm the new associate at your local church," the pastor replied.

"When I saw the empty chair, I figured you knew I was going to show up."

"Oh yeah, the chair," said the bedridden man. "Would you mind closing the door?"

Puzzled, the pastor shut the door.

"I've never told anyone this, not even my daughter," said the man.

"But all of my life I have never known how to pray. At church I used to hear the pastor talk about prayer, but it always went right over my head.."

"I abandoned any attempt at prayer," the old man continued, "until one day about four years ago my best friend said to me, 'Joe, prayer is just a simple matter of having a conversation with Jesus. Here's what I suggest. Sit down on a chair, place an empty chair in front of you, and in faith see Jesus on the chair. It's not spooky because he promised, 'I'll be with you always.' Then just speak to him and listen in the same way you're doing with me right now."

"So, I tried it and I've liked it so much that I do it a couple of hours every day. I'm careful, though. If my daughter saw me talking to an empty chair, she'd either have a nervous breakdown or send me off to the funny farm." The pastor was deeply moved by the story and encouraged the old guy to continue on the journey. Then he prayed with him, and returned to the church. Two nights later the daughter called to tell the pastor that her daddy had died that afternoon.

"Did he seem to die in peace?" he asked.

"Yes, when I left the house around two o'clock, he called me over to his bedside, told me one of his corny jokes, and kissed me on the cheek. When I got back from the store an hour later, I found him dead. But there was something strange, In fact, beyond strange-kinda weird.

Apparently, just before Daddy died, he leaned over and rested his head on a chair beside the bed."

-Author Unknown

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 084 028 8993/caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (Hoërskool-jeug) 079 5255 695/stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 082 707 5128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

